**Haggai** Week 37: Eindig 13 Sept https://totueer.blog/52-weke/ **Herbou die tempel**

| **Waarskuwing: Bou die tempel! (Hag 1)** | **Seën, want die tempel fondamente is klaar (Hag 2)** |
|---|---|
| Tydens heropbou van die tempel (520-518 vC) in Jerusalem | |
| Boeke in dieselfde tyd: Sagaria en Esra 1-6 | |

| **Dag** | **Dag se brood** |
|---|---|
| **Ma** | Sagaria 2 |
| **Di** | II Kron 36:21-23, Esra 1:1-3 |
| **Wo** | Haggai 1 |
| **Do** | Esra 3 |
| **Vry** | Sagaria 4 |
| **Sat** | Haggai 2 |
| **Son** | Esra 6 |

*4Is dit nou die tyd vir julle om in pragtige huise te woon terwyl my huis in puin lê? (Hag 1:4)*

Haggai was een van die eerste ballinge wat onder Serrubabel (die stadhouer) en Josua (die hoëpriester) na Palestina teruggekeer het. Hulle het dadelik begin om Jerusalem en die tempel te herbou. Hulle werk is deur die Samaritane teengestaan tot ongeveer 521 vC. Die ontmoedigde volk het hulle op hulleself begin toelê en vir hulleself huise gebou. Hulle het gekla oor die ekonomiese toestand en dit as verskoning voorgehou hoekom die bouwerk aan die tempel nie kon voortgaan nie. Haggai het hulle bestraf en bemoedig om eerste aan God se huis te werk met die belofte dat God hulle dan sal seën.

Die tweede tempel het ver tekort geskiet teenoor die van Salomo se tyd. Die werkers was min (waarskynlik minder as 1% van die in Salomo se tyd) en die middele was beperk. Dit het die bouers moedeloos gemaak (sien ook Esra 3:8-13). Haggai voorspel egter dat die heerlikheid van dié tempel groter sal wees as die eerste. Dit is vervul toe Jesus gebore is en Sy heerlikheid luister aan die tempel verleen het.

Sy laaste boodskap was aan Serrubabel, die stadhouer. Hy was ‘n direkte afstammeling van Dawid en sy naam kom in Jesus se geslagsregister voor (Matt 1, Luk 3). God sal koninkryke omvergooi en nasies vernietig, maar die koninkskap van die Messias, as Nakomeling van Serrubabel, sal vir ewig bevestig word. Serrubabel is hier ‘n tipe van Christus want ‘n seëlring was ‘n teken van die magtiging van gesag (Gen 41:42; Ester 3:10).

Sy voorspellings dat God die hemel en die aarde sal laat bewe word in Hebr 12 aangehaal en het betrekking op die omverwerping van die wêreldorde voor die wederkoms van die Messias.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Oergeskiedenis | Aartsvader verhale | Uittog verhale | Woestyntog verhale | Wetsgedeeltes | Inname van die land |
| Rigters tydperk | Oorgangs tydperk | 1ste konings | Wysheid en poësie | Ryk verdeel | 1ste profete |
| Noordryk val | Nog profete | Val van Jerusalem | Ballingskap | Terugkeer | Laaste profete |

**Die volk herbou die tempel (Esra 3-4, Hag 1-2)**

Saam met die fondamente was daar ‘n gejuig:
Dit het van God se getrouheid getuig.

Die nie-Israeliete het probeer keer
en die bouwerk met omkopery versteur.
Die volk het hul eie huise begin bou,
in plaas van eerste op God te vertrou.

Neem ter harte wat met jul gebeur:
Julle het ‘n groot oes verwag,
maar kry ‘n misoes elke slag.
Kry hout en bou My huis tot my eer!

Skep moed, skep moed:
Begin werk met spoed.
Ek staan julle by.
Die werk is vir My.

Waarom is julle bang, so benoud?
Aan My behoort al die silwer en goud.
As ek My mag aan die nasies wys
Bring hulle hulle skatte na My huis!

Haggai het ‘n wonderlike riglyn vir jou en my oor prioriteite:

1. God gee ‘n opdrag en vra prioriteit vir Sy werk (1:9).
2. Ons moet Sy opdrag ter harte neem (1:12).
3. Al lyk die werk te oorweldigend, moet ons daarmee begin, wat God gee die krag (2:4).
4. Ons moet God vertrou dat Hy die middele sal voorsien (2:8)